


# Raliestories



**K**ollega Izak Nortje van die Johannesburgse Balie het 'n boek *Stilte in die Hof! Shut-up! Voertsek!* die lig laat sien. Dis vol snaaksighede en grappe van begin tot einde; en mens vind dit moeilik om dit eenkant te sit as jy eers daarin begin lees het. Slegs enkele stories wat lukraak uit die boek geneem is, word hieronder weergee:

## Daisy de Melker wou nog moor

... Die jaar voor ek daar [Germiston] aangekom het, was die jaar van die berugte Daisy de Melker-saak. Sylvester Quinlan was die staatsadvokaat wat die getuienis gelei het in die voorlopige verhoor. Hy vertel dat haar man, oud rugby-Springbok Syd de Melker, nie wou aanvaar dat die Hof se uitspraak reg was nie totdat die volgende gebeur het:

Nadat sy reeds gehang is, is sekere van Daisy se persoonlike besittings op 'n vendusie verkoop. Die koper van haar gramradio het gevind dat daar fout met die ding was. Hy neem dit na 'n reparasiewinkel en binne in, goed weggesteek, ontdek die werktuigkundige 'n koevert met die woorde daarop: "For dear old Syd." Binne was 'n wit poeier. Dit is aan die polisie oorhandig, wat dit laat ontleed het - Arseen.

## AC Malan

Daardie minsame vroeggestorwe regter "Boet" Nesor het die volgende storie vertel:

'n Jong advokaatjie het in 'n appèl voor hom en [Regter AC] Malan deurgaans die woorde "Your Worship" gebruik in plaas van "My Lord." Geeneen van die regters het iets gesê nie, tot nadat Malan hom 'n vraag vra en hy begin: "Your Worship" -

Malan gee hom 'n skrobbering van die ergste soort. Na die saak sê Nesor: "Die man het die woorde 'Your Worship' uit die staanspoor gebruik, hoekom het jy hom nie toe uitgetrap nie?"

"Toe het ek aanvaar hy het na jou verwys," kom die antwoord.

## Thos Bekker

Regter Frank Kirk-Cohen vertel die volgende van hierdie aangename man, reeds lankal oorlede:

As jong advokaat verdedig Kirk-Cohen 'n swart man op 'n aanklag van verkragting, voor Bekker. Die klaagster getuig dat die beskuldigde haar gevange gehou het in 'n huis en haar heeldag verkrag het. Hoeveel keer, wil die advokaat weet. Sewentien keer, beweer sy. Kirk-Cohen stel dit toe aan haar dat geen man daartoe in staat sou wees nie. "Jy ken nog nie 'n Vendaman nie,"

kom die antwoord. Die regter skryf 'n nota, gee dit aan sy klerk wat dit aan die advokaat oorhandig. Dit lees: "Meneer Kirk-Cohen, wens u nie u was 'n Vendaman net vir een dag nie."

## Landdros se uitweg

This story was told to us at an Article Clerk's function by the late Judge Murray: Twee vooraanstaande boere van Heidelberg het in 'n hofswis beland (1906). Die feite was dat oom Piet se os oom Jan se draadheining beskadig het. Die skade het 25 sent beloop. Oom Piet het oom Jan vir hierdie bedrag gedagvaar. Die saak het voor die landdros op Heidelberg gediën. Die volgende was sy uitspraak:

"Ek het mooi geluister na die getuënis van oom Jan, en ek glo hom. Ek het mooi geluister na die getuënis van oom Piet, en ek glo hom. Hier is die donderse halfkroon." Daarmee smyt hy die halfkroon op die lessenaar en begin die hof verlaat. Al twee prokureurs is onmiddellik op die been: "Edelagbare, en wat van die koste?" "Nee," sê die landdros, "dit gaan ek nie betaal nie."

*°Die boek was uit druk. 'n Verdere oplaag daarvan het egter so pas verskyn.*

## Lost in Translation

During a recent trial, attorney Roger M Tubbs of Mississippi, was questioning his client, who wanted a divorce from her husband for desertion. The woman spoke no English and was using an interpreter.

Tubbs asked the woman if she had done anything to drive her husband away.

An exchange took place between client and interpreter, and then came the reply.

"No," said the interpreter, "He took the bus."

(Reproduced with kind permission of *ABA Journal*, February 1993)

## Die Vermiste Kontrak

Soms word gesê dat dit in die regspraak nie gaan om die waarheid te soek nie, maar om 'n billike beslissing op die beskikbare feite te gee. Selfs wanneer 'n regsgeding met 'n billike beslissing of skikking tot 'n einde kom, wonder advokate soms wat die ware feite van die saak was.

Neem die feite in die volgende saak.

Die applikant, 'n sakeman, wou 'n dringende aansoek loods teen 'n voormalige werknemer van hom, die respondent, teen die volgende agtergrond:

- Die respondent het applikant se diens verlaat, en daarna, in stryd met 'n handelsbeperkingsooreenkoms, 'n nuwe besigheid begin en onder andere van die applikant se kliënte gewerf;
- Die ooreenkoms was skriftelik en onderteken deur die respondent. Benewens die oorspronklike dokument, het die applikant ook 'n fotokopie daarvan gehad. Volgens hom was dit sy gebruik om ook afskrifte van die ooreenkoms te tussen hom en sy werknemers te hou;
- Kort voor respondent se diensverlating het die applikant en die respondent 'n gesprek op kantoor gevoer waartydens applikant die oorspronklike ooreenkoms aan respondent getoon het en op die strekking van die handelsbeperking gewys het. Net na die gesprek het die applikant tot sy ontsteltenis gevind dat die oorspronklike ooreenkoms nie meer op sy lessenaar was nie en klaarblyklik deur die respondent saamgeneem is.

Bovermelde bewerings is deur die applikant in sy funderende beëdigde verklaring gemaak en ter staving is die fotokopie van die ooreenkoms aangeheg.

In sy antwoordende beëdigde verklaring het die respondent verklaar dat -

- daar nooit enige skriftelike handelsbeperkingsooreenkoms tussen die partye was nie;
- dokument wat voorgee 'n fotokopie van so 'n ooreenkoms te wees, 'n vervalsing is;
- die bewering dat die oorspronklike ooreenkoms deur die respondent verwyder is, verregaande, onwaar en lasterlik is;
- die kliënte waarmee die respondent nou besigheid doen, kliënte is wat deur die respondent self gewerf is.

By die aanvang van die konsultasie waartydens applikant se repliserende verklaring opgestel moes word, verklaar die applikant uit die bloute dat daar iets is wat hy aan sy regsvertegenwoordigers moet sê. Hy het die vorige nag tot laat wakker gebly

en diep oor die saak gedink. Daar is iets wat hom geweldig hinder en wat hy moet openbaar. Die fotokopie is tog 'n vervalsing. Die oorspronklike is volgens hom egter wel deur die respondent verwyder, maar ongelukkig het hy (die applikant) vergeet om na ondertekening daarvan 'n fotokopie te maak. Toe het hy later gedink dat dit tog nie onder die omstandighede so verkeerd kan wees om die fotokopie te reproduseer nie. Dit is gedoen deur uittreksels uit verskillende dokumente saam te voeg en te fotokopieër.

Nodeloos om te sê, was die regsvertegenwoordigers van die applikant vir 'n wyle stomgeslaan. Nie net die applikant se saak nie, maar ook hulle eie posisie moes heroorweeg word in die lig van die toepaslike etiese beginsels. Na beraadslaging is die applikant geadviseer dat hy onder die omstandighede nie met die aansoek kan voortgaan nie en dat die beste wat vir hom gedoen kan word, eerder as om die aansoek terug te trek en koste aan te bied, is om die aangeleentheid so goed moontlik te probeer skik.

Die respondent se regsvertegenwoordigers was heeltemal geneë om skikkingsvoorstelle te oorweeg en betreklik gou is ooreengekom dat die aansoek teruggetrek word, elke party die kliënte volgens 'n lys ooreengekom tussen die partye behou en elke party sy eie koste betaal.

Die eindresultaat was sekerlik onder die omstandighede billik, maar die applikant se regsvertegenwoordigers het gewonder waarom die respondent so inskiklik was, met inagneming van die skerp standpunt wat hy oor die vervalste dokument ingeneem het. Miskien was die respondent se dilemma dat hy beswaarlik die beste getuënis in sy besit om te bewys dat die fotokopie 'n vervalsing was, tevoorskyn kon bring, naamlik die oorspronklike ooreenkoms.

*Advokaat Anoniem*

## "Your Ladyship"

In a wide-ranging address covering the emancipation of women in Canada, the Honourable Madame Louise Mailhot, Justice of the Court of Appeal of Quebec, enlightened and amused a capacity luncheon audience at the Plaza International Hotel on Thursday March 4.

Women on the Bench in Canada were so rare, she confided, that most

lawyers were uncertain as to exactly what they should call her. "I have been called Your Lordship, Your Ladyship, Your Highness, My Goddess, My Goodness, and Your Sanctity," she told the laughing audience.

The unemancipated status of women in Canada, where women were given the vote in Alberta only in 1919, also extended to the appointment of women to the Bench. "In three provinces of Canada there are still no women on the Bench," Madame Mailhot said. In one celebrated case a woman had sought financial help from a university scholarship but was deemed by the Court, "not to be a person" for educational purposes.

From *Conferentia*, New Zealand,  
April 1993

## Coldfeet poems

On p.96 of the April 1993 issue of *Consultus* the poem "If (with apologies to Kipling)" was reproduced. We subsequently established that Prof

WJ Hosten, Dean of the Faculty of Law of UNISA, was the author. The poem was previously published in *Codicillus* (May 1965) under a pseudonym and in *Coldfeet versus the Law* (1980 Butterworths) p.53 under Professor Hosten's name. (It should have been stated by us that the author was unknown. This omission is regretted. - *Editor*).

*Coldfeet* is, of course, well-known and has been providing pleasurable reading to many of us.

## The Bar Exam

A mid-life crisis prompted a change of career which found me hurtling headlong into pupillage with the dreaded Bar exam ominously lurking like a tyrannosaurus rex.

A superficial glimpse of the curriculum evokes a matter-of-fact response "this can't be too bad!" As the hapless candidate prepares reams of photostatic study material, he soon discovers the falsity of this perception.

The normally mollifiable Möller (Tutor) is almost driven to tears by the inane questions fired at him. With the fortitude of a war veteran he dutifully explains the intricacies of the adjective law.

Colleague Irma Schoeman, a past master of the exam, sensing the desperation of my plight constructively suggests "brain-mapping" to aid the retentive process of an aging cerebellum.

The trauma of pupillage would provide a fruitful treatise in psychology (psychiatry?). The highs and lows, the anxiety, the fear of failure, produce endless fretting.

This zombie-like existence reaches its nadir with the oral exam. The divine intervention of the avuncular Mr Justice Booyesen who mercifully keeps a tight rein on the predatory instincts of his fellow panellists (advocates) produces a welcome respite during the grilling.

Yet, in the end, it all seems worthwhile.

*E Marais*  
Bloemfontein Bar ■



Grilling during oral exam